

Orde van VADER

Wat is 'orde'? Orde is 'n reëlmaat, orde is netheid, orde rangskik volgens 'n bepaalde stelsel en orde is 'n vereniging met vaste reëls.

Ek wil nie die woord 'orde' ondersoek nie, maar wel die oorsprong en doel daarvan. Tog moet ons net raak aan die woord, want dit word willekeurig gebruik in die Skrifte. Hier is 'n klompie Strong's verwysings van die Hebreeuse geskrif {nie Grieks nie}: H6186; H7947; H4634; H6187; H1961; H631; H6680; H4932; H4941; H3027; H5468; H1700; H3559; H8626; H6471. Soos ons kan sien het die woord baie verwysings, maar glo my elk van hulle het nog meer betekenis waarvan die vertaler nie regtig geweet het wat om in die oorspronklike Hebreeuse woord in te sit nie. Ek werk op die verwysings nommer H1961 wat vir my 'n beter uit wyser is oor die woord 'orde' tussen die warboel van verwysings met hulle onder verdelings. Die H1961 verwysing kry jy so plus-minus 3520 keer in die Skrif waarvan dit soos die ander verwysings ook heelwat betekenis het. Met die inligting gaan ek nou voort tot die doel daarvan.

Voor die aarde met sy uitspansel (*skep en skape*) was orde reeds daar waar VADER heers. VADER is die skepper van orde waarvan HY dit laat geskiet in die onbekende realm (*vir ons*) nog voor die aarde se bestaan. Dus in die onbekende is daar wette, verordeninge en insettinge wat gehandhaaf moet word. Ons op aarde ken (*of te doen het met*) wette wat daagliks gehandhaaf moet word en waarvan daar wetstoepassers aangestel is om toe te sien dat dit gehoorsaam word. Daar kom van tyd tot tyd insette by sekere wette waarvan die wat onder die wet is dit moet leer en dit gehoorsaam.

Ek gaan afskop met die rangorde wat daar gestel was en daarvandaan my verduideliking:

- (1) VADER in die hemele het orde deurgegee aan SY Seun.
- (2) SY Seun het orde aan die mens deurgegee.
- (3) Die mens het orde aan alles op aarde deurgegee.

As ons die boek van Henog lees kom ons agter dat daar baie aangaan in daardie realm wat onbekend is vir ons as mens. VADER het 'n regering binne-in regerings daar gestel. Daar is niks in die hemele wat nie deur VADER regeer word nie. Van die kleinste molekule tot die grootste (*wat onbeskryflike groot kan wees*). Alle demensies (*sienlik en onsienlik*) is daar deur VADER geskep. Sommige lieflik om te aanskou en lekker van geur, maar ander weer vreesaanjaend en verskriklik om te aanskou met 'n dodelike geure. In die hemele waar VADER woon het HY vorste geskep; Hulle aangestel oral waar dit VADER behaag. Kom ons kyk na dié vorste:

- 1) Die eerste vorste is Serafs, groot en baie sterk.
- 2) Tweede in krag is Gérubs (*lewende wesens*).
- 3) Dan is daar oudstes (*in naam ken ons hulle as ouderlinge, maar in werklikheid is hulle ook groot en sterk wesens wat altyd in VADER se teenwoordigheid is*).
- 4) Die laaste groep (*wat ek nagespeur het*) is die boodskappers wat opgedeel word in rangorde groepe.

In kort gaan ek die leser bewus maak van VADER se majesteit in die hemele daar waar orde heers. VADER se eerste vors wat ons ken as die “lewende wesens” kry jy so 14 maal in Openbaring en 2 maal in Jesaja. Hulle het vier verskillende gesigte en ook vier tot ses vlerke in voorkoms. Hoekom ek voorkoms noem is dat daar baie meer in die voorkoms lê as wat ons besef.

Ek haal ‘n klompie verse aan om hulle voorkoms en doel uit te lig:

Open. 4:3 rondom die troon was ‘n reënboog wat in Sy voorkoms gelyk het soos ‘n smarag (let op en besef die grootheid wat Johannes probeer deurgee. Hy probeer vergelykinge van prag aanhaal om te beskryf wat sy oë sien. Hy kon nie anders om die pragtige blink edelstene aan te haal wat sy oë aanskou het nie). 4:4 En rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier en twintig ~~ouderlinge~~ oudstes sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad (lees mooi en verorber die woorde wat Johannes deurgee nl.: rondom “dié” troon was daar 24 ander trone. Dus is hulle ook heersers wat onderdane het wat tog ‘n onderdaan was aan die Een wat op die hoof troon sit. Hoog was hulle aansien, want hulle trone was rondom die ‘hoof troon). 4:5 En daar het weerligte en donderslae en stemme uit die troon uitgegaan, en sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van ~~God~~ VADER is, het voor die troon gebrand; (Wat hier opgelet moet word is die ‘krag’, ‘mag’ en ‘heerskappy’ van VADER, en dit wat HY uitspreek word sewevoudig deurgegee. M.a.w. as VADER spreek, spreek HY volmaak sodat elke woord in respek en vrees ontvang moet word. Dit beteken ook dat die sewe Geeste alle skeppings - vlakke vervat. {Serafs, Gérubs, Kragte, Prinsipale, Aards-boodskappers en Boodskappers}) 4:6 en voor die troon was daar ‘n see van glas soos kristal, (‘see’ beteken alle volke stamme tale en nasies. Die ‘see van glas’ beteken geen verborgenheid voor VADER nie. Alles is kristal helder voor HOM) en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens vol oë van voor en van agter. 4:7 En die eerste lewende wese was soos ‘n leeu, en die tweede lewende wese was soos ‘n kalf, en die derde lewende wese het ‘n gesig gehad soos ‘n mens, en die vierde lewende wese was soos ‘n arend wat vlieg. 4:8 En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: ~~Heilig, heilig, heilig is die Here God~~, Rein, rein, rein is VADER Skepper, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!

Open.4:9 *En elke keer as die lewende wesens ~~heerlikheid~~ lofwaardigheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, 4:10 val die vier en twintig-~~ouderlinge~~-oudstes neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon en sê: 4:11 U is waardig, o ~~Here~~, VADER, om te ontvang die ~~heerlikheid~~ lofwaardigheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur U wil bestaan hulle en is hulle geskape* (Mag die wat lees, regtig verstaan! Al die eeue van die mens se bestaan gebruik ons allerhande simbole om iets te verteenwoordig of om die uitkenning daarvan duidelik te kan verduidelik. As daar in die Skrif staan dat hulle ‘adders’ is verstaan ons dat hulle slu en skelms is of prontuit kinders van Ha satan is. As ons sê dat iemand eet soos of lyk soos ‘n vark, weet ons wat die persoon vir ons deurgee. Ons kan ook sê: Skelm soos ‘n jakkals, sleg soos ‘n hond, sterk soos ‘n os en vele vergelykings van dier of insek; Net om die volgende te laat verstaan wat gesien word of dalk deurgee word wat hy in sy oppassing moet wees.

As ons na die gelese Skrif gedeeltes kyk sal ons begin verstaan wat VADER se “kragte” nou werklik is. (1) **Seraf** is verteenwoordigers van ware liefde. Hulle het 6 vlerke. Die naam Seraf beteken: slang of brandende een. Serafs straal ‘n geweldige rooilig uit wat lyk soos vuur of vlamme, daarom die brandende een. As jy na ‘n Seraf staar sal jou oë brand. Die slang eienskap spreek vanself. Hulle tree op soos Moses se kerie wat ‘n slang geword het of soos die slang wat gedood of genees het in die woestyn. Eseg.1:5-14; Jes.6:2,3 (2) **Gérubs** met hulle verskillende gesigte is magtig en kwaai soos ‘n leeu, hulle is so sterk soos ‘n os, hulle is so flink en vaardig soos ‘n arend, hulle is so intelligent soos enige skepping wat lyk soos die mens. Serafs en Gérubs is VADER se beskerming (*Hulle is alomteenwoordig*).

Esegiël of Johannes wat Serafs of Gérubs aanskou het, het die kragtige wesens koppel aan beeldspraak (*So het ander dit op ‘n fisiese klip of tablet laat manifesteer*). Regdeur die Skrif sal jy vind dat heersers en koninklikes ‘n diere beeld laat maak het. Gewoonlik ‘n diere liggaam soos ‘n leeu met ‘n os of ‘n mens kop wat vlerke van ‘n arend het (*Gérubs*). Die uitbeelding word gewoonlik by poorte en ingang van ‘n paleis geplaas. Dit word selfs gevind teen die heerser se troon wat hy op sit.

Noudat ons kon lees en verstaan die mag en grootheid van Serafs of Gérubs {*lewende wese*} kan ons die mag van Ha satan verstaan, want hy is ‘n ‘Gérub’ Mense maak jou oë toe en vereenselwig jou in die verskrikking wat voor jou plaasvind. Bid en vra dat VADER jou geestesoog sal oopmaak dat jy die aanskouing kan beleef. Beleef wat die volk beleef het in die woestyn!
Ex. 19:16 En op die derde dag toe dit môre word, was daar donderslae en blitse en ‘n swaar wolk op die berg en die geluid van ‘n baie sterk basuin, sodat die hele volk wat in die laer was, gebeef het.

Ex.19:17 Daarop het Moses die volk uit die laer gelei om ~~God~~ VADER te ontmoet, en hulle het gaan staan by die voet van die berg. 19:18 En die hele berg Sinai het gerook, omdat ~~die-HERE~~ VADER in 'n vuur daarop neergedaal het. En sy rook het opgetrek soos die rook van 'n oond, en die hele berg het vreeslik gebewe. Ex. 20:18 En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan. 20:19 En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat ~~God~~ VADER nie met ons spreek nie, anders sterwe ons (Tot bevestiging lees ook Eseg.1:5–11; Open.5:6; Jes.6:2).

Noudat ons die grootheid van VADER besef gaan ek voort om SY orde te verduidelik. VADER het Serafs en Gêrubs aangestel rondom SY troon waarvan hulle SY onmiddellike vors is. Onder hulle is **Kragte**, **Prinsipale**, **Aards-boodskappers** en **Boodskappers**. Ons kan noem dat hulle almal deels uit maak aan boodskappers of opdrag ontvangers is. Wat die boodskappers aanbetref is dat hulle ook in verskillende kategorieë ingedeel word. Hulle is die wesens wat deur elk van die hoër gesag gebruik word. Party kry sekere opdragte om beheerpunte (*wat VADER daar gestel het*) te heers soos die winde, wolke, reën, haal, weerligte, ens. Ander is oor die mens aangestel om hulle met verskillende vlakke te help. Daar is ontsettend baie boodskappers deur VADER daar gestel om SY orde (*vorste*) te ondersteun en uit te voer. Die 'oudstes' soos bo uitgewys is deel van VADER se heerskappy.

Met al die verduideliking van VADER se skepping tot orde kom ek nou tot SY oogappel. Om by VADER se Seun uit te kom is 'n verborgenheid en daarbenewens gaan ek 'n klompie verse aanhaal tot openbaring:

*Gen. 16:7 En die-Engel Boodskapper van ~~die-HERE~~ VADER het haar by 'n fontein in die woestyn gevind, by die fontein op pad na Sur,16:9 Toe sê die Engel Boodskapper van ~~die-HERE~~ VADER vir haar: Gaan terug na jou meesteres en verneder jou onder haar hande. 16:10 Verder sê die Engel Boodskapper van ~~die-HERE~~ VADER vir haar: **Ek** sal jou nageslag grootliks vermeerder, sodat dit vanweë die menigte nie getel kan word nie.*

Gen. 16:11 Ook sê die Engel Boodskapper van ~~die-HERE~~ VADER vir haar: Kyk, jy is swanger en sal 'n seun baar, en jy moet hom Ismael noem, want ~~die-HERE~~ VADER het jou in jou ellende verhoor.21:17 Toe hoor ~~God~~ VADER die stem van die seun, en die Engel Boodskapper van ~~God~~ VADER het na Hagar geroep uit die hemel en haar gevra: Wat is dit met jou, Hagar? Wees nie bevrees nie, want ~~God~~ VADER het na die stem van die seun geluister op die plek waar hy is.

Gen. 22:11 Maar die-Engel Boodskapper van ~~die-HERE~~ VADER het na hom van die hemel af geroep en gesê: Abraham , Abraham! En hy antwoord: Hier is ek!

Gen. 22:15 Toe roep die ~~Engel~~ Boodskapper van ~~die HERE~~ VADER vir die tweede keer na Abraham van die hemel af Gen. 31:11

Let op dat die “Engel” met ‘n hoofletter geskryf is en so ook wat Hy doen en sê. VADER gee Hom die opdragte soos HY met die Serafs of Gêrubs doen. Bv. Die uitspraak: “**Ek** sal jou nageslag grootliks vermeerder” kan nie van ‘n boodskapper kom nie, maar slegs van ‘n Skepper!

Ex. 3:2 Daarop verskyn die ~~Engel~~ Boodskapper van ~~die HERE~~ VADER aan hom in ‘n vuurvlam uit ‘n doringbos. En toe hy weer sien, brand die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie! 3:3 En Moses sê: Laat ek tog nader gaan en hierdie groot verskynsel bekijk, waarom die doringbos nie verbrand nie. 3:4 Toe ~~die HERE~~ VADER sien dat hy nuuskierig nader kom, roep ~~God~~ Skepper na hom uit die doringbos en sê: Moses, Moses! En hy antwoord: Hier is ek. 3:5 En Hy sê: Moenie nader kom nie. Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is ~~heilige~~ reïne grond. 3:6 Verder sê Hy: Ek is die ~~God~~ Skepper van jou vader, die ~~God~~ Skepper van Abraham, die ~~God~~ Skepper van Isak en die ~~God~~ Skepper van Jakob. Toe het Moses sy aangesig verberg, want hy was bevrees om ~~God~~ Skepper aan te sien.

Let op dat die Boodskapper van VADER spreek en noem dat Hy die Skepper is!

Ex. 14:19 En die ~~Engel~~ Boodskapper van ~~God~~ VADER wat voor die leër van ~~Israel~~ Yashar’EL uit getrek het, het daar weggegaan en agter hulle aan getrek. Ex. 23:20 Kyk, Ek stuur ‘n ~~Engel~~ Boodskapper voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het.

Ex. 23:23 Want MY ~~Engel~~ Boodskapper sal voor jou uit gaan... Die Boodskapper het saam getrek en nie VADER nie! Lees ook Num. 20:16–35 Rug. 2:1 Toe trek die ~~Engel~~ Boodskapper van ~~die HERE~~ VADER van Gilgal op na Bogim en sê: **Ek** het julle uit Egipte laat optrek en julle gebring in die land wat **Ek** julle vaders met ‘n eed beloof het, en gesê: Ek sal **My verbond** met julle in ewigheid nie verbreek nie; 2:4 En terwyl die ~~Engel~~ Boodskapper van ~~die HERE~~ VADER met hierdie woorde al die kinders van ~~Israel~~ Yashar’EL toespreek, het die volk hulle stem verhef en geweën; 6:22 Toe Gideon bemerk dat dit ~~die Engel~~ Boodskapper van ~~die HERE~~ VADER was, sê Gideon: Ag, ~~Here HERE~~ VADER van die leërskare! want ek het die ~~Engel~~ Boodskapper van ~~die HERE~~ VADER gesien van aangesig tot aangesig! Let op dat die Boodskapper sê: (1) “Ek” het julle laat trek, (2) ‘Ek’ het met ‘n eed beloof (3) ‘My’ verbond!

Jos 5:13 En terwyl Josua by Jêrigo was, slaan hy sy oë op en kyk, en daar staan ‘n man teenoor hom met ‘n ontblote swaard in sy hand; en Josua het na hom gegaan en hom gevra: Behoort U by ons of by ons vyande?

Jos 5:14 En Hy sê: Nee, maar **Ek is die leërowerste** van ~~die HERE~~ VADER; Ek het nou gekom...

Ek glo dat jy as die leser reeds sien van wie ek praat. Dat die oogappel van VADER die uitverkore “Engel” / Boodskapper is van VADER. Hy is die leërowerste wat saam met die volk getrek het, Hy wat vir die volk baklei het, Hy wat verbonde met die volk gesluit het, Hy is die Formeerder en Skepper van die aarde met alles daarop!

Matt. 3:17 En daar kom ‘n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek ‘n welbehae het. 11:27 (Ja) Alles is aan My (YAHUSHA) oorgegee deur My VADER, en niemand ken die Seun nie, behalwe die VADER; ook ken niemand die VADER nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar. 17:5 (en) Terwyl hy nog spreek, oordek ‘n helderligte wolk hulle meteens en daar sê ‘n stem uit die wolk: Dit is MY geliefde Seun (YAHUSHA) in wie Ek ‘n welbehae het. Luister na Hom! Mar. 1:1,11; 5:7; 8:38; 9:7; Luk. 3:22; 8:28; 9:26,35; 10:22; 12:8; 2Pe 1:17

Joh. 1:1 In die begin was die Woord, en die Woord was by God VADER, en die Woord was God VADER. 1Jo 1:1 Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe — 1:2 en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die VADER was en aan ons geopenbaar is—1:3 wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die VADER en met SY Seun, ~~J^hesus Christus~~ YAHUSHA dié Nasaréner. Joh. 1:2 Hy was in die begin by God VADER. Joh. 17:24 VADER, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle My ~~heerlikheid~~ lofwaardigheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld. (nou) Joh. 14:28 Julle het gehoor dat Ek aan julle gesê het: Ek gaan weg en Ek kom weer na julle toe. As julle My liefgehad het, sou julle bly wees dat Ek gesê het: Ek gaan na My VADER, omdat My VADER groter is as Ek.

Tot hier het ons die rangorde van VADER gelees waarvan SY uitverkore Seun YAH is. Ons gaan nou oor na die orde wat aangegee was dat die volgende dit moet uitvoer en onderhou.

As ons Henog se boeke lees sal ons die geweldige orde-stelsel van VADER kan bestudeer wat eintlik nie maklik is om te verstaan nie. Die orde van die winde, weer, son, maan en sterre (*ontelbaar meer*) is so oorweldigend dat ek dit nie eens waag om dit kortliks te verduidelik nie. Al wat ek wel kan sê is dat alles wat daar geskep was deur dié Skeppers nog steeds ordelik voortgaan en onderhou word deur die vorste wat HY daar gestel het.

Nou dat ons 'n bietjie weet van die 'hemele' orde waar VADER woon gaan ek voort om te verduidelik waar VADER die orde oordra aan SY Seun en verder.

As ons die Skrifte begin lees, lees ons die skepping van die aarde en alles wat daarop is (*Gen. 1:1 In die begin het ~~God~~ Skeppers die hemel en die aarde geskape*). Die Skeppers het ook gesê dat hulle wesens gaan skep en skape op aarde soos wat daar in die hemele is wat kan heers oormekaar (*Gen. 1:16 ~~God~~ Skeppers het toe die twee groot ligte gemaak: die groot lig om te heers oor die dag en die klein lig om te heers oor die nag; ook die sterre. Gen. 1:26 En ~~God~~ Skeppers het gesê: Laat Ons mense maak na Ons beeld, na Ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. Gen. 3:16 Aan die vrou het Hy gesê: Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers { kinders die volk en Man, YAH / YAHUSHA wat VADER se seun is}*).

Dus het die Skeppers verwag dat daar orde op Aarde sou heers soos by Hulle in die hemele. Soos die leser kan sien noem ek Skeppers omrede dit so in die Skrifte staan (*God se Strong's verwysing is H430 wat 'el-o-heem' beteken waarvan 'el-o-heem' 'n meervoud is van 'el'. 'El' beteken dat dit 'n Heerser of Skepper kan wees*).

Wat ek ook wil openbaar oor ons Skeppers moet ons weet dat dit dié VADER en SY Seun YAHUSHA is.

Die orde in die hemele waar VADER het VADER alleen geskep en skape. **HY** het vir HOM 'n Seun gegeneer (*Ps.2:7 Ek wil vertel van die besluit: ~~Die HERE~~ VADER het aan My gesê: U is MY Seun, vandag het Ek self U gegeneer*). Vir SY Seun het Hy toe 'n "speelplek" gegee (*Job 26:10 Hy het 'n kring afgetrek oor die watervlakte tot waar lig in duisternis eindig. Spr. 8:27 Toe Hy die hemele berei het, was Ek daar; toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed; Jes. 40:22 Hy sit bo die kring van die aarde, en die bewoners daarvan is soos sprinkane; Hy span die hemele uit soos 'n dun doek en spreid dit uit soos 'n tent om in te woon*). Tog het VADER oral met SY Seun gegaan en Hom nooit alleen gelaat nie. Die Seun het geskape en gegeneer soos Hy wou (*Joh. 14:11 Glo My dat Ek in die VADER is, en die VADER in My; of anders, glo My ter wille van die werke self*). Die Seun van VADER "YAH" het orde daar gestel op aarde sodat Sy skepping Hom kon behaag.

Soos ons nou ook in die Skrifte kan lees het teëstand en rebelsheid sy kop uitgesteek deur Ha satan en sy maats se doen en late (*Joh. 8:44 Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan*).

Om terug te kom oor orde wat oorgegee was kan ons nou kyk waar YAH dit aan die mens gegee het.

In die tuin van Eden het ons orde ontvang, maar geminag (*Gen. 2:16 En ~~die~~ ~~HERE~~ VADER God Skeppers het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, 2:17 maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe*). Deur die breek van orde het wanorde ingetree waarvan YAH later telkemaal gehelp het om orde te herstel. YAH het met Adam begin as heerser op aarde oor al Sy skeppinge. Met die oortreding van Eva (*wat Adam geraak het*) het wanorde begin heers. YAH het die Adamiet apart / eenkant gestel weg van die ander skeppinge. YAH het gesien dat die mens te swak was teenoor verlydinge en versoeking. HY het hulle gehelp om orde daar te stel sodat hulle nie moet vermeng met die ander wesens op aarde nie (*wel heers oor dit wat YAH daar gestel het*).

YAH gaan eers na VADER om die saak voor te lê (*Gen. 15:17 En ná sononder, toe dit heeltemal donker was, gaan daar 'n **rokende oond** en **vurige fakkel** tussen dié stukke vleis deur {Onthou die simboliek van bo} Ex. 19:18 En die hele berg Sinai het gerook, omdat ~~die~~ ~~HERE~~ VADER in 'n vuur daarop neergedaal het. En sy rook het opgetrek soos die rook van 'n oond, en die hele berg het vreeslik gebewe. Open. 1:14 Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en Sy oë soos 'n vuurvlam, 1:15 en Sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en Sy stem soos die stem van baie waters {dus VADER en Seun} Jes. 31:8,9*).

VADER gee orde oor aan die Seun en die Seun sluit 'n verbond met die mens. YAH stel orde in sodat dat hulle beskerm en self heersend kan wandel.

Die orde van die hemele word gedupliseer op aarde (*Ex. 25:40 En kyk dat jy dit maak volgens die voorbeeld daarvan wat jou op die berg getoon is. Ex.25:9*).

Soos VADER orde in die hemele gestel het, het YAH dit ook kom doen op aarde. VADER kies vir Homself eerstens 'n volk (*Met Adam as biologiese stamvader deur Abraham, Isak en Jakob*) op aarde as Sy vors. Uit daardie vors kies Hy 'n 'priesterorde' (*uit die 12 stamme van Jakob*) wat ons ken as die "Levitiese orde". Die orde moes die vlees en geestelike orde handhaaf onder die volk. Die Leviete was die gesagsorde wat die wette, insette en verordeninge moes handhaaf (*Gen. 26:5 omdat Abraham na My stem geluister en My ordening, My gebooie, My insettinge en My wette onderhou het*).

Soos ons uit die geskiedenisboek (Skrifte) leer het orde tot 'n val gekom weens die swakheid van die mens, tog het YAH hulle bystaan.

Weens wanorde stel YAH 'n profetiese 'orde' daar. Die Leviete / priesters het die wette ontvang by Moses en dit deurgegee tot die uitverkore. Weens kort-sig en ongehoorsaamheid het YAH profete daargestel. Hulle was die direkte skakel van VADER tot die volk om die volk te waarsku wat voorlê nl.:
Onderhouding van wet en orde (*Die profeet was soos die vors van VADER wat rondom die troon vergader het*). Hulle het die volk gewaarsku en deurgegee wat was en wat nog gaan kom. Hulle was die mondstuk van VADER tot die volk.

Met die orde wat YAH daar in plek gestel het, het die volk 'n ander begeerte gehad en dit was om soos die ander volke te doen en lewe soos wat hulle wou (*1Sam. 8:4 Toe kom al die oudstes van Israel Yashar'EL bymekaar, en hulle gaan na Samuel in Rama :5 en sê vir hom: Kyk, u is oud, en u seuns wandel nie in u weë nie; stel nou 'n koning oor ons aan om ons te rig soos by al die nasies. :6 Maar die woord was verkeerd in die oë van Samuel toe hulle gesê het: Gee ons 'n koning om ons te rig, en Samuel het tot die ~~die HERE~~ YAH gebid. :7 Toe sê ~~die HERE~~ YAH vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie*).

Weens die volk se eie heerskappy het hulle tot 'n val gekom waarvan YAH hulle geskei het (*Jes. 50:1 So sê ~~die HERE~~: YAH Waar is tog die skeibrief van julle moeder waarmee Ek haar verstoot het? Of wie is daar van My skuldeisers aan wie Ek julle verkoop het? Kyk, weens jul ongeregthede is julle verkoop, en weens jul oortreding is julle moeder verstoot. Jer. 3:8 En Ek het gesien toe Ek uit oorsaak van die owerspel van die afkerige, Israel Yashar'EL, haar verstoot en haar haar skeibrief gegee het, dat die ontroue, haar suster Juda, nie bevrees was nie, maar gegaan en ook self gehoereer het*).

Ek gaan oor om te verduidelik oor orde wat onvermydelik onderhou moet (moes) word anders vergaan die aarde met YAH se skeppinge!

Telkemaal lees ons in die Skrifte dat ons liefde moet toon sodat haat en verwerping nie moet intree nie (*Ex. 15:26 .: As jy getrou na die stem van ~~die HERE~~ YAH jou ~~God~~ Skepper luister en doen wat reg is in Sy oë, en luister na Sy gebooie en al Sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is ~~die HERE~~ YAH wat jou gesond maak*).

Hier is so vier groepe reëls wat gehandhaaf moet word sodat bestaan op aarde moontlik kan wees (*Deut. 5:16 Eer jou vader en jou moeder {eer jou VADER in die hemele en jou medebroer die volk, ja so ook jou aards vader en moeder Matt.15:4; Mark.12:30}*: soos ~~die HERE~~-YAH jou ~~God~~ Skepper jou beveel het, dat jou dae verleng mag word en dat dit met jou goed mag gaan in die land wat ~~die HERE~~-YAH jou ~~God~~ Skepper aan jou gee. :17 Jy mag nie doodslaan nie. :18 En jy mag nie ~~egbrek~~ verbaster nie. :19 En jy mag nie steel nie. :20 En jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie. :21 En jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie; en jy mag nie na jou naaste se huis hunker nie—na sy landerye of sy dienskneg of sy diensmaagd, sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie).

Eerstens

- a) Eer en respekteer jou meerdere, voorganger, leermeester, oumense, ouers,
- b) Moenie baklei nie, want daardeur kom moord en doodslag.
- c) Bly weg van ander volke. Geen gemeenskap met hulle, hetsy sosiaal of seksueel. Jy mag nie hulle geluk en voorspoed nie soek nie.
- d) Neem nooit iets van jou naaste sonder sy toestemming nie.
- e) Skinder, beskimp en praat nooi sleg van jou naaste nie.
- f) Los jou broer se vrou, huis, eiendom, werkers, diere of iets wat aan jou naaste behoort nie.

Tweedens

1) Gelowe wek distansiëring tussen skepsel en Skepper. **(2)** Gelowe verkondig die lewe na die dood, maar oorsien die natuurlike lewe tans om weldra daar uit te kom (*ewige lewe of ewige dood*). **(3)** Geskiedenis wys uit dat gelowe net tot eieverryking en voordele daar is. **(4)** Gelowe se mikpunt is om almal saam te bind (*nuwe SA*). **(5)** Gelowe breek die bestaan {eie} van 'n rasegte volk tot verbastering en dus lei dit tot vernietiging van rasegtheid. **(6)** Onvaste geloof is vol slaggate en loop uit om vernietig te word;....

Derdens

Enige (*alle*) geloof teen YAH se natuur en sy gestelde wette is vals. Die Adamiet (Boervolk) moet besef dat hy gebind is aan die aarde (*stof tot stof*). Die Adamiet moet YAH se natuur en wette (*wat Hy daarin gestel het*) respekteer en daarvoor heers in harmonie (*soos dit YAH behaag*). Die gebed van 'n skepsel moet in harmonie met die natuur deelbaar wees en so ook as 'n getuie wees, want deur gebed kom sterkte, vrede en versekering. Die natuur met sy wette kom van 'YAH dié Skepper' wat onderhou moet word. As die wette nie onderhou en gerespekteer word nie sal dit YAH se geskep en geskapene op aarde se einde beteken.

Vierdens

‘n Volk wat nie YAH se natuur respekteer nie sal ordeloos wees (*hetsy gees of vleeslik*). ‘n Volk wat geestelik afgetakel is word oorheers in hul swakheid (*behoefte*). Homoseksualiteit is ‘n oortreding teen die natuur. Wanneer verskillende rasse bymekaar leef skenk dit rasvermenging en vreemde kulture. In so ‘n siek volk lê “jingo patriotte” wat die natuur verkrag, verbaster (afbreking) en inmeng van die natuurlike voortplanting van mens, dier of plant (*soos saadlose produkte of DNA manipulasie*).

Ek sluit met die tema van orde. (1) VADER in die hemele het orde daar gestel vanaf serafs, gerubs, oudstes en boodskappers waarvan HY SY Seun eerste gegeneer het en aangestel het. (2) Deur SY Seun het HY orde aan die mens gegee. (3) Die mens het orde aan alles op aarde deurgegee.

Nou dat ons redelik ingelig is rondom VADER se orde sluit ek af om die “vrees” in orde te handhaaf.

Min besef dat die bestaan van wet of natuur orde kom van VADER. VADER het gespreek en dit het gebeur soos dit HOM behaag. Om dit wat VADER gespreek het te onderhou en te handhaaf moet “vrees” daarin wees.

Kom ons kyk gou na die woord ‘vrees’: In die Skrifte het ons verskillende verwysings in die Strong’s woordeboek (*soos die woord ‘orde’*). Ek gaan my toespits op H3374 en H4172, want hulle gaan meer oor respek as bang. In die Hat woordeboek het ons 3 kategorieë nl.: (a) Angs, skrik, bang, beangs (b) Ontslag, eerbied, ontsien (c) Gevoel van afkeur, bekommer oor ongewenstheid.

Vrees is die gevoel {passie} van ons natuur wat ons opgewonde maak om voorsiening te maak vir ons veiligheid op benadering van verkeerd of reg. In die Skrifte word vrees uitgedruk {gebruik} om 'n kinderlike of 'n slaafse gevoel {passie} uit te druk. In die kinders van VADER word vrees tot hul Skepper as rein, ontsag of eerbied tot Hom gerug. SY wette wat spruit uit 'n regverdige siening en ware liefde van die verhewe Karakter van hulle Skepper. Dit lei na ‘n vlak om te streef na volkome gehoorsaamheid (*Ek noem dit kinderlike vrees*). In Jer.32:39, 40 staan: *En Ek sal hulle een hart en een weg gee om My altyd te vrees, hulle ten goede en hulle kinders ná hulle.:40 En Ek sal ‘n ewige verbond met hulle sluit, dat Ek My van hulle nie sal afwend om aan hulle goed te doen nie; en Ek sal My vrees in hulle hart gee, sodat hulle van My nie afwyk nie.*

En in Ps. 19:10 staan: *Die vrees van die ~~HERE~~-VADER is rein: dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van die ~~HERE~~-VADER is waarheid – tesame is hulle regverdig. Ps. 34:12 Lamed. Kom, kinders, luister na my; ek wil julle die vrees van die ~~HERE~~-VADER leer.*

Daar is baie wat die vrees tot VADER met 'n voëlverskrikker taktiek misbruik om die uitverkore te leer om wetties VADER te behaag. Deur die oprigting van hulle taktiek (*misbruik*) verjaag hulle die kinders van VADER.

Om getrou aan VADER te wil wees, en om HOM te vrees, is die nakoming van ons lojaliteit as SY eiendom. Ons moet waaragtigheid en betroubaarheid aan ons Skepper toon en so ook om HOM te verdedig teen al SY vyande. Ons het 'n verpligting om dit te onderhou wat aan HOM behoort. Getrouheid is 'n eed wat natuurlik na vore moet kom as eiendom van VADER (*soos die dier in die veld*). Die skepsel van VADER is eervol vir HOM, want dit wat HY geskape het was volmaak geskape {*Gen. 1:31 Toe sien God Skepper (YAH) alles wat Hy gemaak het, en—dit was baie goed Gen.1:10, 12, 18, 21, 25*}.

Die woord 'vrees' moet verstaan word dat dit graag gedoen wil word. Bevoorreg is die wat die vrees verstaan, want in 'vrees' lê 'redding' (*Matt. 13:16 julle oë is gelukkig, omdat hulle sien; en julle ore, omdat hulle hoor. Luk. 10:23: Salig Gered is die oë wat sien wat julle sien;:24 want Ek sê vir julle, baie profete en konings het gewens om te sien wat julle sien, en het dit nie gesien nie, en om te hoor wat julle hoor, en het dit nie gehoor nie. Joh. 14:17; Matt. 13:15*).

(*Matt. 5:3 Salig Gered is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.:4 Salig Gered is die wat treur, want hulle sal vertroos word.:5 Salig Gered is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.:6 Salig Gered is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.:7 Salig gered is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.:8 Salig Gered is die wat rein van hart is, want hulle sal God VADER sien.:9 Salig Gered is die vredemakers, want hulle sal kinders van God VADER genoem word.:10 Salig Gered is die wat vervolgt word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.:11 Salig Gered is julle wanneer die mense julle beledig en vervolgt en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil*).

'n Billike verduideliking rondom VADER se orde het ons ontvang en al wat YAH van ons verwag staan in Open. 2:24: *....., almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Ha satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie.:25 Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom*.

Ex. 20:12 Eer jou vader en jou moeder,... Eer VADER in die hemele en jou broer die moeder. Waar jy jou ook al bevind eer en respekteer VADER se orde en wette. Hetsy alleen of tussen mense, eer jou pa en ma. Moet hulle en enige wet oortree nie (wat van VADER afkom). Respekteer orde in jouself, jou huisgesin, tussen andere, die natuur en uit dié Skrifte. Onverklaarbaar groot is ons VADER wat sit op die troon saam met SY Seun wat vir ons lewe geskenk het. Daarom besef SY orde en vrees HOM wat was, is en weer gaan kom!

Bedink dit my vriend!